

W.12 BLOUWATERLELIE/BLUE WATER LILY


(*Nymphaea caerulea* Sav.)

Familie: Nymphaeaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Blouwaterlelie is 'n meerjarige plant met groot, ronde drywende blare wat uit 'n sponsagtige wortelstok ontstaan. Die blare is ongeveer 150 tot 300 mm in deursnee en is gewoonlik blou-groen aan die bokant en pers aan die onderkant. Buisvormige blaarstele, tot 3 m lank, is aan die middel van die onderste oppervlak van die blaarskede vasgeheg. Die blaar is gaafrandig met slegs 'n wigvormige insnyding aan die een kant. Die opvallende blomme, met 'n groot aantal ligblou tot pienk of wit kroonblare, is 60 tot 200 mm in deursnee. Die volwasse vrugte word onder die water gedra omdat die vrugstele tydens rypwording verkort. Die klein tamatievormige vruggies is 20 tot 40 mm in deursnee en bevat 'n groot aantal klein, bruin saadjies wat in 'n wit, sponsagtige weefsel ingebed is.





Verwante spesies

Blouwaterlelie is die enigste wilde *Nymphaea*-spesie in die gebied waarvan die blaarrande gaaf en ongetand is. (Die meeste gekweekte waterlelies is ingevoer). Waterlelies word in sommige gevalle met spesies van *Nymphoides* (drywende hart) verwar. Die blare van drywende hart is egter geelgroen, stewiger en gewoonlik kleiner as die van die waterlelies, terwyl die wit of geel blomme heelwat kleiner (ongeveer 25 tot 30 mm in deursnee) is en slegs vyf harige kroonblare besit.

Verspreiding

Die blouwaterlelie word vanaf Egipte, suidwaarts dwarsdeur tropiese Afrika aangetref. Dit kom wydverspreid in Suidelike Afrika voor, maar is skynbaar in die dorre streke en die winterreëng gebied afwesig.

Ekologie

Die plant groei in stilstaande tot stadig vloeiende water, 1,5 tot 3 m diep, soos in panne, damme en riviere gevind word. Dit kom in water

met 'n wisselende suurgraad en voedingstofgehalte voor. Dit word dikwels saam met ander waterplante soos drywende hart (*Nymphoides indica*) en sterblasiekruid (*Utricularia stellaris*) of stewig gewortelde moerasplate, soos fluitjiesriet (*Phragmites australis*) en papkuil (*Typha latifolia*) wat die plant teen golf- en windaksie beskerm, aangetref.

Belangrikheid

Dit is die lastigste waterlelie van die gebied. Wanneer die hele oppervlakte van klein dammetjies met dié blare bedek is, het dit 'n invloed op ander plante en diere, soos visse. Die plant kan by groter damme en mere hengel en watersport belemmer en ook bydra tot die toeslik daarvan.

Wetgewing en beheer

Daar is geen wetgewing vir die beheer van waterlelies nie. Raadpleeg Steyn, Scott, Ashton en Vivier (1979) vir beheermaatreëls.

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van die Griekse woorde *numphaios* = heilig vir die nimfe en *caeruleus* = blou, afgelei.

Spesienommer: 2513.000-00100

Literatuurverwysings

- MENDONÇA, F.A., 1960. Nymphaeaceae, in EXELL, A.W. & WILD, H. *Flora Zambesiaca*, volume 1.
- MUSIL, C.F., 1973. *Water plants of Natal - a guide to the important species*. The Wildlife Protection and Conservation Society of South Africa.
- OBERMEYER, A.A., 1967. Waterlilies in South Africa. *Flora & Fauna* 18: 31-35.
- STEYN, D.J., SCOTT, W.E., ASHTON, P.J. & VIVIER, F.S. 1979. *Guide to the use of herbicides on aquatic plants*. Technical Report No. TR 95. Pretoria: Department of Water Affairs.
- WILD, H., 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.